# KOOPKRAG




## NEWS
**Circular to members**

433 Rodericks Road, Lynnwood, Pretoria;
PO Box 35908, Menlo Park, 0102
Telephone: 012 348 5452;
Fax: 012 348 2339;
E-mail: koopkrag@koopkrag.com

## NUUS
**Omsendbrief aan lede**

Rodericksweg 433, Lynnwood, Pretoria;
Posbus 35908, Menlopark, 0102
Telefoonnommer: 012 348 5452;
Faks: 012 348 2339
E-pos: koopkrag@koopkrag.com



KOOPKRAG LIMITED, Registration number / KOOPKRAG BEPERK, Registrasienommer
**1938/011150/06**
Authorised Financial Services and Credit Provider / Goedgekeurde Finansiële Dienste- en Kredietverskaffer


# Feesseisoen 2007 Festive season

**Voorsittersverslag 2007:**

Geagte Lede

Dit is vir my weereens aangenaam om verslag te doen oor die finansiële resultate en die werksaamhede van Koopkrag die afgelope jaar.

Nieteenstaande stygende rentekoerse het lede se aankope die afgelope jaar met 4.75% (2006 7.35%) gegroei. Ons verhoogde beleggingsinkomste (21.61% toename) het op sy beurt gehelp om die verhoging in feitlik alle kostes te bestry, wat tot 'n 8.11% verhoging in die bedrag wat aan bonusse verklaar is, bygedra het. Hierdie bonus is op u Desember aankooprekening gekrediteer.

Die nuwe kredietwet, wat op 1 Junie 2007 ten volle in werking getree het, het 'n aansienlike eenmalige koste en bykomstige administratiewe las vir ons meegebring en ook vir ons lede ongerief veroorsaak deur die invul van omslagtige aansoekvorms voor te skryf. Ek bedank u vir u geduld in die verband en u begrip dat diè ongerief op ons afgedwing is. Ten spyte hiervan het ons lenings en huurkoopboek met 6.42% gegroei.

'n Verdere verblydende aspek is dat ons slegte skulde, teenoor die voorafgaande jaar, danksy onder andere ons knap kredietbeheerafde-ling, met 39.65% gedaal het. Krediet vir voornoemde verbetering moet egter hoofsaaklik aan ons groot groep lojale lede vir die stiptelike betaling van hul rekenings gaan.

Ek vertrou dat die tendens in 2008 sal voortduur.

**Bonus aan lede vir 2007**

Soos hierbo genoem het ons weer 'n bevredigende groei in die bedrag vir bonus beskikbaar aan lede ondervind. Aangesien geen deel van ons inkomste aan aandeelhouers uitgekeer word nie, is alle surplus-inkomste aan ons lede uitverklaar.




-vervolg-

Weens 'n wesenlike verlies aan inkomste uit leweransierskorting, as gevolg van die vermindering van die invorderingskoers, wat ons namens u van ons enkele grootste leweransier verhaal, het dit ons geen keuse gelaat as om op 'n gedifferensieerde bonuskoers te besluit nie. Die alternatief sou wees om, soos ek verstaan sommige ander verenigings op besluit het, 'n heffing, betaalbaar deur die lid, op aankope van hierdie leweransier in te stel. Ons het egter geoordeel dat die gedifferensieerde koers die mees voordelige vir ons lede sou wees. Ek het in verlede jaar se verslag gewaarsku dat ons die nadelige gevolg van die leweransier se besluit eers in hierdie jaar ten volle gaan ervaar.

Die jaar se bonuskoerse is as volg;

**- Op aankope van alle Shoprite Checkers Groep winkels**
**3.50%**

**- Op aankope van alle ander gekontrakteerde leweransiers**
**4.80%**

**- Op Santam premies van lede gevorder**
**8.33%**

Weens huidige wetgewing kwalifiseer brandstofaankope nie vir bonus nie omdat motorhawens geen korting op brandstofaankope mag toestaan nie.

Ek moet meld dat die laagste koers van 3.50% alleenlik moontlik gemaak is deur aansienlike subsidiëring uit ons ander inkomstebronne.

Enkele ander hoogtepunte

- Lede se kaartomset oorskry vir die eerste keer R300 miljoen
- Die rentebedrag op lede se waarborgfonds, wat gedurende September aan u uitbetaal is, styg met 51.27%

**Dankbetuiging**

Namens die direksie wil ek graag my dank teenoor ons leweransiers en ons lede vir hul lojale ondersteuning uitspreek. Sonder julle kan 'n koopvereniging nie bestaan nie. Aan my mede direkteure en personeel baie dankie vir julle bystand en diens die afgelope jaar. Mag u almal veel vreugde in die Kerstyd ervaar en 'n voorspoedige 2008 geniet.

Mnr P N Botha
Voorsitter




## <u>Chairperson's report 2007</u>:

Dear members

It gives me great pleasure to report on the financial results and activities of Koopkrag for the past year.

Not withstanding a steady increase in interest rates our member's purchases grew by 4.75% (2006 7.35%) during the year. A substantial increase in our investment income (21.61%) softened the blow of inflation driven increases in expenses, resulting in an 8.11% increase in the amount declared to members as a bonus. As always this bonus will be credited to your December purchase account.

The new National Credit Act, fully implemented on the 1st of June 2007, brought with it a substantial "once off" expense and an additional administrative burden, while our members had to suffer the inconvenience of completing much more tedious credit application forms. I would like to thank you for your patience and understanding in this regard. We did experience a 6.42% growth in our personal loans and asset finance portfolio despite these additional inconveniences.

Even better news was the 39.65% drop in the bad debt provision for the year under revue, thanks to our diligent credit control department, but mostly due to our very loyal members that settle their monthly accounts punctually. I trust that this trend will continue during 2008.

**Bonus to members**

As already mentioned we enjoyed a satisfactory growth in the amount available to members as a bonus this year. As none of our income is distributed to our shareholders, all surplus funds are declared as a bonus to members.

We suffered a substantial loss in the rebate collected from a mayor supplier due to their decision to decrease their rebate rate. I referred to this fact in my report last year and warned that the consequences of their decision will only truly be experienced during this financial year. This has forced us to further differentiate our bonus rates.

-follow-

The alternative would have been to impose a levy on purchases from this supplier, payable by the member as, I believe, some of the other associations decided on. We adjudged our decision as the most advantageous to our members.

This year's bonus rates are;

**- On purchases at contracted Shoprite Checkers stores and affiliates**
**3.50%**

**- On all other purchases at contracted suppliers**
**4.80%**

**- On Santam short term insurance premiums**
**8.33%**

Due to current legislation petrol purchases do not qualify for a bonus as these suppliers cannot grant a rebate on any petrol purchases made.

I would like to reiterate that our lowest bonus rate of 3.50% was only made possible due to subsidizing from our other income sources.

Other highlights were;

- Our member's card turnover exceeded R300 million for the first time.
- The amount of interest paid to members on their guarantee fund in September increased by 51.27%.

**Appreciation**

On behalf of the directors I would like to thank our suppliers and members for their continued support during the year. Without you our buying association cannot exist. I would also like to thank my fellow directors and our personnel for their support and hard work during the year.

To you and your family a joyous festive season and a prosperous 2008.

Mr P N Botha
Chairman

## LASTIGE JAAR WAT VOORLê

Die ekonomiese klimaat het die afgelope jaar merkbaar verswak. Hierdie tendens kan in 2008 voortgesit word en selfs meer problematies vir verbruikers word.

In die besonder is daar probleme met die inflasiekoers en word rentekoerse verhoog om die probleem te besweer. Sommige van ons lede wen as rentekoerse styg maar ander trek aan die kortse end. Stygende pryse raak almal egter nadelig.

Hoe nou gemaak? Daar is 'n paar riglyne wat onder alle omstandighede nagekom behoort te word.

- ➢ Moenie meer spandeer as wat u verdien nie.
- ➢ Bepaal bestedingsprioriteite.
- ➢ Skakel alle vermorsing uit.
- ➢ Belê in uself en wees kreatief om u inkomste te verhoog.
- ➢ Bestuur u huishouding soos 'n besigheid. In dié opsig is die opstel en byhou van 'n kontantvloeistaat van die aller grootste belang. As u nie kan meet nie sal u nooit weet waar u staan en kan besparings-maatreëls en prioriteite nie bepaal word nie. Koopkrag kan u van so 'n staat voorsien.
- ➢ Werf lede vir Koopkrag. U word daarvoor vergoed bo en behalwe diejaarlikse bonus wat u op aankope verdien.

A J Jacobs
Direksielid

## SEËNWENSE VIR DESEMBER 2007

Na afloop van 'n moeilike 2007, met toenemende inflasiedruk, stygende rente-koerse en die implementering van die Nasionale Kredietwet, kan ons nie wag vir die uitdagings wat 2008 gaan inhou nie. Oudergewoonte bly u die fokuspunt van ons onderneming. As sulks verwag ek van my personeel om onverbeterlike diens aan u te lewer. Ons is per slot van sake, 'n ledeorganisasie wat, sedert ons in 1938 gestig is, namens ons lede afslag by ons gekontrakteerde leweransiers tot u voordeel beding.

Next year is our $70^{th}$ anniversary. So keep an eye out for news regarding festivities.
Please remember that we are only a phone call away. Should you experience any difficulties or have any queries, give us a call and we'll do our best to assist you immediately. We are one of the few cards in the market that provide you with an actual "cash" benefit. Add to this our very low cost structure and you have a winner.
Introduce us to your friends and family and let them share in the bounty.

Namens myself en my personeel wens ek u en u familie 'n gelukkige feestyd en 'n voorspoedige 2008 toe. Of u dit tuis of elders deurbring vertrou ons dat dit 'n geseënde, veilige en spesiale tyd sal wees.

Roelf Taljaard

**Belangrike inligting**

**Limiete - NB!**

Baie van ons lede oorskry hul limiete en loop die risiko dat verdere transaksies geweier mag word. Om u die verleentheid te spaar, let daarop dat u nie meer as u gegewe limiet spandeer nie.

Indien u vermoed dat u die limiet gaan oorskry, tree 'n dag of wat voor die tyd met ons Navrae Afdeling in verbinding sodat u limiet vroegtydig verhoog kan word*.
In geval van permanente limietverhogings moet 'n Bekostigbaarheidsanaliseform voltooi word.

Onthou dat aankope tussen die 16de van 'n maand tot die 15de van die volgende maand onderhewig is aan die limiet.

U is welkom om vroegtydige inbetalings te maak, let wel dat u limiet nie sal verhoog as gevolg daarvan nie.
Vir u gemak kan u saldonavrae per selfoon doen: sms kka lidnommer na 34995 (bv. kka 2700001).
*** Limietverhogings onderhewig aan goedkeuring.**

**A reason to love your insurance company**

Arguably the most advantageous KOOPKRAG product, is our short term insurance.

Not only do we ensure that you receive the benefit of our experience,
with a track record of excellent personal client care and competitive premiums, but best of all, you receive a yearly bonus (8,33%) equal to one month's premium irrespective of your claims history.

This means that if your household and motor insurance is R600.00 a month, you can add R600.00 to your yearend KOOPKRAG bonus to spend on whatever you like.

Make sure that you have the proper cover (especially during the festive season).

**Call for an obligation free quote from us**

Contact Rejaune (rejaune.roos@koopkrag.com), Michelle (michelle.vaneck@koopkrag.com) or Riki (riki.eggel@koopkrag.com) on 012 348 5452.

**SPESIALE PROMOSIE TOT EINDE 2007!**

Ons Huurkoopafdeling is gereed om u by te staan met die finansiering van u motor.

Met ons flink en vinnige diens en kompeterende rentekoerse, help ons u chop chop!

Vind uit hoe maklik en spoedig u behoeftes bevredig kan word tree sommer vandag in verbinding met Joanie, Angelique of Elzette by lenings@koopkrag.com of 012 348 5452 en betaal u eerste paaiement eers in Februarie '08.
* Aansoekvorms ook beskikbaar op ons webblad (www.koopkrag.com).

# **Bekende Leweransiers** / Well known Suppliers

**Ackermans, Tiger Wheel & Tyre, Woolworths, OK Furniture, Game, SAFFAS, Dion, Checkers & CheckersHyper, Bata, Shoe City, Trade Centre, Shoprtie, Builder's Warehouse, Tile Warehouse**

Geselekteerde Woolworths-, PEP-, Dis-Chem-, Spar-, Superspar- en Quickspar winkels landswyd!